# Les 11 GELIEFDE KINDERS: DIE HERE SE KINDERS DIEN HOM

## 1. Die vierde gebod

Kom ons kyk na die vierde gebod in die Tien Gebooie*:*

*"8 Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. 9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, 10 maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig."* Eksodus 20

## 2. Die dae waarop ons die Here dien

Kom ons begin met ’n strikvraag. ’n Strikvraag is ’n vraag wat nie regtig net ’n vraag is nie. Dit is ’n vraag wat jou wil uitvang sodat jy die verkeerde antwoord gee. Hier kom die strikvraag: hoeveel dae van die week moet ’n mens die Here dien?

Wat dink julle? Daar is sewe dae in die week. Hoeveel en watter dae is dae waarop ons die Here dien?

Kyk mooi na die gebod! Die Here sê ons moet ses dae werk en alles doen wat ons moet, en op die sewende dag moet ons rus van ons werk. So? Hoeveel dae moet ons die Here dien?

Hier kom die eerste wenk: rusdag beteken nie niksdoen nie. Kyk wat sê die gebod: die Here het die rusdag geheilig. Dit beteken dat dit die dag is waarop ons die Here saam met al die ander kinders van die Here, aanbid.

So hoeveel dae van die week dien ons die Here? Kyk weer mooi na die opdrag van die Here! Die Here sê ons móét ses dae werk. En dan nie sommer net stadig werk of halfpad werk of so lui-lui werk nie. Ons moet ses dae hard werk en álles doen wat ons moet! Ons mag nie die werk uitstel of los vir die sewende dag, of vir die volgende ses dae nie.

Hierdie ses dae is werk wat ons vir die Here doen. Dit is die belangrike deel van hierdie gebod. Al die werk wat ons doen – is en moet altyd diens aan die Here wees.

So! Ses dae moet ons die Here dien met al die werk wat ons doen. En op die sewende dag moet ons die Here dien – deur Hom saam met al die ander gelowiges te aanbid. Dit was die strik. Diens aan die Here beteken nooit dat ons nét op die sewende dag die Here in die kerk saam met al die gelowiges aanbid nie. Diens aan die Here is altyd werk én bid. Ses dae werk ons vir die Here, en

een dag bid ons almal saam tot die Here. Daarom dien ons die Here sewe dae van die week.

**3. Die Here se kinders kan hulle nie vir die Here doodwerk nie**

Kan julle onthou wat was die Israeliete gewees toe hulle nog in Egipte geleef het? Hulle was die Farao se slawe. Al wat hulle gedoen het, was werk en werk en werk. Hulle het nie iets gehad soos een dag om net te rus en die Here te aanbid nie.

Wat het die Farao gedoen elke keer as hulle gekla het oor al die aanhoudende werk? Hy het die werk vir hulle net nóg moeiliker en harder gemaak. Want ’n slaaf mag niks anders doen as om net te werk nie. Hulle mag nie hulle eie lewe hê nie. Hulle mag nie ’n lewe saam met hulle vrou en kinders hê nie. Hulle mag nie eens tyd hê om saam die Here te aanbid nie. Net werk! Dit is hoe die Farao gedink het: hierdie mense moet al sy drome en begeertes waarmaak. Hulle het nooit ’n lewe van hulle eie gehad nie.

Maar toe kom die Here en Hy verlos hulle uit Egipte. Nou is die Farao nie meer hulle koning nie. Nou is die Hére hulle koning. Wat gaan nou gebeur? Gaan hulle hul nou weer doodwerk vir die Here, net soos wat hulle hulleself moes doodwerk vir die Farao? Nee! Die Here laat nie Sy kinders soos slawe werk as hulle Hom dien nie.

Daarom sê die Here hul mag nie vir Hom aanmekaar werk nie. Diens aan die Here maak dat Sy kinders hulle eie lewe saam met Hom het. Hulle dien almal saam die Here as gesin. Daarom moet hulle vir die Here én vir mekaar tyd hê.

Daarom moet die Here se kinders een keer ’n week, niks werk doen nie. Want hulle is nie die Here se slawe nie. Hulle is ook niemand anders se slawe nie.

**4. Die werk wat ons in die week doen, is diens aan die Here**

Elke dag se werk is dienswerk wat ons vir die Here doen. Hoe kan die Here sorg dat Sy kinders kos het om te eet? Hy maak party van Sy kinders boere. Hulle boer sodat die Here vir Sy kinders kan kosgee.

Hoe sorg die Here dat kinders kan leer? Hy maak party van Sy kinders onderwysers. Hulle leer die Here se kinders sodat hulle al die talente kan gebruik wat Hy vir hulle gegee het: talente om te lees, te skryf, te tel, te sing, te hardloop en om te kan voordra.

Hoe sorg die Here dat Sy kinders veilig is? Hy maak party van Sy kinders polisiemanne, soldate en regters. Hierdie mense vang skelms en stuur hulle tronk toe. Dit is hoe die Here sorg dat Sy kinders veilig is.

Hoe sorg die Here dat Sy kinders gesond bly? Hy maak party van Sy kinders dokters, verpleegsters en aptekers. As die Here se kinders siek word, dan kan die Here na hulle kyk met al die mense wat geleer het hoe om siek mense gesond te maak.

Kan julle sien hoekom sê die Here ons moet ses dae hard werk en alles doen wat ons moet? Want dit is hoe die Here Sy kinders gebruik in Sy diens, om vir mense te sorg. Daarom, as jy lui is en nie alles doen wat jy moet nie, dan gaan jy maak dat die Here se kinders swaarkry. As boere nie alles doen wat boere moet doen nie, gaan daar nie genoeg kos wees. As dokters nie alles doen wat hulle moet doen nie, gaan mense siek bly. As onderwysers nie alles doen wat hulle moet doen nie, dan gaan kinders geleenthede verloor om hulle talente te ontwikkel en goed te kan doen.

**5. Ons aanbid die Here een dag in ’n week almal saam**

Watter dae van die week bid ons tot die Here? Bid ons net op Sondae tot die Here? Nee, ons bid elke dag tot die Here. Net so? Op watter dag luister ons na die Woord van die Here? Kan ’n mens sê ons luister net op Sondag, en miskien nog op Maandag, na die Woord van die Here? Nee! Die Here se kinders luister elke dag na die Woord van die Here. Die Here sê vir ons elke dag hoe ons Hom moet liefhê en hoe Hy ons liefhet.

Nou hoekom is die sewende dag dan anders?

Dit is anders omdat ons dan nie maar net elkeen vir homself bid of elke gesin maar by hulle huise bid nie. Dit is anders omdat ons almal saamkom om saam tot die Here te bid, saam tot die Here te sing en saam na die Here se Woord te luister.

’n Mens gehoorsaam nie die Here se gebod as jy maar by die huis bly en self jou Bybel lees, bid en sing nie. Jy gehoorsaam ook nie die Here se wet as gesinne saam by hulle huis Bybellees en bid nie.

Die Here se opdrag is dat Sy kinders een dag ’n week almal saam na Hom toe moet kom en Hom almal saam moet aanbid. Hy wil een dag ’n week al Sy kinders saam in aanbidding by Hom hê.

**6. Opsomming**

Wat eis die vierde gebod van ons? Dit is maklik om te onthou. Werk én bid! Ses dae werk en een dag bid. Ses dae saam werk en eendag saam bid! Dit kan nooit wees nét werk nie. Dit kan ook nooit wees, nét bid nie.

Dit is altyd – werk én bid!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog